

Reaktiewe chemiese insidente kan enige plek gebeur!

Desember 2020



Verwysing: "Cleaning accident kills Buffalo Wild Wings Employee,"
Chemical and Engineering News, November 18, 2019, p.6.



Junie 2016

Beacon

Dink jy dalk mens hoef nie bekommerd te wees oor potensiele reaktiewe chemie insidente, omdat daar nie chemiese prosesse in jou werkplek is nie? Dink weer! Reaktiewe chemiese insidente kan feitlik enige plek gebeur. Hier is twee voorbeelde:

Op 7 November 2019 in Burlington, Massachusetts, het 'n skoonmaker in 'n restaurant per ongeluk "Scale Kleen" skoonmaakmiddel op die vloer gemors. Later het 'n ander werknemer dit begin skoonmaak met 'n ander skoonmaakmiddel "Super8". Die skoonmaakmiddels reageer met mekaar en stel chloorgas vry. Die restaurant is ontruim maar ongelukkig is die eenaar oorval met die chloorgas en is later in die hospitaal oorlede.

Volgens die SDS bevat Super 8 ongeveer 10% natrium hipochloriet, meer gekonsentreerd as normale huishoudelik bleikmiddel. Scale Kleen bevat salpetersuur en fosforsuur met 'n gesamentlike konsentrasie van bykans 40%

'n Paar dae later, op 19 November, by 'n restaurant in Woburn daar naby, is twee skoonmaak middels gemeng en is giftige gas vrygestel. Die restaurant is ontruim en drie mense het in die hospitaal beland as voorsorgmaatreël.

Het jy geweet?

- Verskeie chemikalieë wat tydens skoonmaak en instandhouding gebruik word is potensieel reaktief met ander chemikalieë. Dit sluit skoonmaak materiale in., Hulle reaktiwiteit is waarskynlik die rede wat hulle sulke goeie skoonmaak materiale maak.
- Die reaktiwiteit van bleikmiddels met ander materiale, soos sure, is 'n bekende gevaar. Die Beacon van Junie 2016 bespreek die reaksie van natrium hipochloriet bleikmiddel met ammoniak om giftige chlooramines te vorm.
- Potensiele reaktiewe skoonmaak middels kan dalk in kontak kom met chemikalieë in jou proses as die proses toerusting dalk nie behoorlik skoonmaak is nie.

Wat kan jy doen?

- Bestudeer Veiligheids Data State (SDS) vir al die materiale wat in jou werkplek gebruik word, insluitende die wat gebruik word vir skoonmaak, smering, water behandeling, en utiliteite soos vloeistowwe vir verhitting en verkoeling.
- Besef dat SDS dokumente nie alle potensiele reaktiewe reaksies kan beskryf nie. Vra 'n chemikus of tegniese persoon uit oor moontlike reaktiewe gevare tussen die spesifieke materiale in jou aanleg.
- Oorweeg alle moontlike reaktiewe gevare as jy 'n nuwe chemiese stof in jou aanleg inbring.
- Volg skoonmaak prosedures pligsgetrou. Maak veral seker alle skoonmaak materiale is behoorlik verwyder voordat toerusting weer in werking gestel word.
- Moet nooit chemikalieë meng sonder om moontlike reaktiewe gevare te oorweeg en voorsorg te tref nie.
- Lees die Beacon van Junie 2016, beskikbaar by: <https://www.aiche.org/ccps/resources/process-safety-beacon/archives>) vir meer inligting oor die reaktiwiteit van bleikmiddel.
- Deel die inligting met familie en vriende – die tipe insident kan enige plek gebeur, ook by jou huis.

Moet nooit chemikalieë meng voordat jy weet of dit veilig is nie!